Woensdag **10 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**

**Fokusgedeelte: Genesis 22: 11, 12; Heidelbergse Kategismus Sondag 5**

**God se betalingsvereiste vir die vergifnis van sondes**

Die geskiedenis oor Abraham en Isak word uit baie oorde gesien as ’n onmenslike oproep Abraham moet sy eie seun offer! Ons lees duidelik hier dat die Here vir Abraham op die proef gestel het om sy enigste seun, asook die erfgenaam van die verbond, te offer.

Dit alles gaan rondom die saak dat daar aan God se geregtigheid voldoen moet word. God se eis dat ons Hom moet gehoorsaam, is die enigste manier waarop ons verlossing kan ontvang. Daarom moet Abraham aan God gehoorsaam wees, selfs in hierdie eis. God se eis dat ons Hom in alles moet gehoorsaam, stel ons as mense in ’n groot dilemma: daar is geen manier wat ons daaraan kan voldoen nie. God is ook nie onregverdig wanneer Hy dit van ons verwag nie, aangesien God ons so geskape dat ons dit kan doen. Met die sondeval het ons hierdie natuurlike vermoë verloor. Ons lewe elke dag in ongeregtigheid. Daarom moet daar betaal word vir die skuld wat ons elke dag maak. Dit is God se regverdigheid – dat alles betaal moet word.

Ons sondeskuld is so groot dat ons dit nie eens self kan betaal nie. Dit is juis hier waar die skoen druk! Hoe sal ons dan aan God se geregtigheid voldoen deur vir ons sonde te betaal? Maar in alle genade en geduld voorsien God in sy barmhartigheid aan Abraham ’n ram wat hy in die plek van Isak moet offer. En besonders: ons hoor dat die Engel van die HERE hier met Abraham praat. Hier profeteer die Engel van die HERE reeds sy koms om ons sondeskuld weg te neem. Die Lam van God wat terselfdertyd die reg as mens gaan hê om vir ons sonde te sterf, maar almagtig gaan wees om die sonde te oorwin.

*Sing: Skrifberyming 5-3 (8):1, 2*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*